Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

VOORSORG VERKLARINGS:

Versamel verspilde produk.

Raak ontslae van die inhoud/houer in ooreenstemming met toepaslike regulasies.

- Hou buite bereik van kinders.
- Dra beskermende handskoene en gesigskerm of veiligheidsbril tydens hantering van die konsentraat.
- Moet nie dampe of spuitnewel inasem nie.
- Was besoedelde klere daaglik na gebruik.
- Was met seep en water in geval van velkontak.
- Vermyn oogkontak. In die geval van oogkontak, spoel oë met skoon water.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging, toediening van die produk of voordat hande, gesig en besmette vel gewas is nie en nuwe klere aangetrek word nie.
- Vermyn spuitnewel op ander gewasse, weiveld, riviere, damme, enige ander waterbronne of plekke wat nie behandel word nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik en maak seker dat alle oorblyfsels van **SENDERO® 336 SL** en, as van toepassing **GARLON® MAX 270 EW** (L8511), verwyder is. (Lees "Skoonmaak van spuittoerusting" gedeelte van hierdie etiket.)
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

RELEVANTE STOWWE:

KOMPONENT	CAS No.	Konsentraat (% w/w)
Clopyralid monoetanolamien sout	57754-85-5	30,82
Aminopiraliëd Kalium	566191-87-5	7,208
Pikloram	1918-02-1	$\geq 0,1 - < 0,25$
Heksachloorbenseen	118-74-1	$\leq 0,0002$

SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING:

Daar is geen spesifieke tekens van vergiftiging nie.

Die konsentraat mag matige oog irritasie tot gevolg hê.

Langdurige of herhaaldelike velkontak mag gematigde irritasie met gelokaliseerde rooiheid veroorsaak in sommige gevalle.

Inname van groot hoeveelhede kan gastro-intestinale irritasie veroorsaak.

NOODHULPBEHANDELING:

Beskrywing van noodbehandeling maatreëls

Algemene Advise: Noodbehandeling toedieners moet altyd aandag gee aan selfbeskerming en die aanbevole beskermende klere gebruik.

Inaseming: Verwyder persoon na 'n area met vars lug. As die persoon nie asem haal nie, roep 'n nood helper of ambulans, gee dan kunsmatige asemhaling; as mond tot mond asemhaling gebruik word gebruik redder beskerming (sak masker). Kontak 'n gifbeheersentrum of dokter vir behandelingsadvies.

Velkontak: Verwyder gekontamineerde klere. Was vel met seep en genoegsame water vir 15-20 minute. Kontak 'n geneesheer of die gifstofbeheersentrum vir behandelingsadvies.

Oogkontak: Spoel oë deeglik met water vir verskeie minute. Verwyder kontaklense na 1-2 minute en hou dan aan om met water vir verskeie minute te spoel. As daar nuwe effekte is, raadpleeg 'n dokter, verkieslik 'n oogheekundige.

Inname: Geen nood mediese behandeling benodig nie.

Aanduiding van onmiddellike mediese aandag en spesiale behandeling benodig.


Nota aan geneesheer: Geen spesifieke teenmiddel. Behandeling van blootstelling moet gerig word na die beheer van simptome en die kliniese kondisie van die pasiënt. Hou die Veiligheids Data Blad en, as beskikbaar, die produkhouer en -etiket byderhand wanneer jy die gifstofbeheersentrum of dokter kontak, of vir behandeling gaan.

GEBRUIKSBEPERKINGS:

- **Moet nie SENDERO® 336 SL** tesame met **GARLON® MAX 270 EW** (L8551), as 'n tenkmengsel, binne die provinsie van KwaZulu Natal deur middel van lugtoediening toedien nie.

**BELANGRIKE GEBRUIK
VOORSORGMAATREËLS EN
BEPERKINGS OM SKADE AAN
WENSLIKE PLANTE TE VOORKOM**

- Lees die afdeling “**Beperkings**” noukeurig deur.
- Dit is verpligtend om die “**Beperkings**” afdeling van hierdie etiket te volg.
- Mis en urine van diere wat gras of hooi vreet wat met hierdie produk behandel word, mag genoeg aminopiralië en picloram bevat om skade aan sensitiewe breëblaarplante veroorsaak.
- Raadpleeg 'n Corteva Agriscience™ verteenwoordiger as u nie die “**Gebruiksvoorsorgmaatreëls en Beperkings**” verstaan nie.



Voorsorgmaatreëls om skade aan nie-teiken plante te verhoed:

- **Moet nie hooi of strooi gebruik van gebiede wat met SENDERO® 336 SL behandel is binne die voorafgaande 18 maande, of mis van diere wat op hooi gevreet het wat met SENDERO® 336 SL behandel is, vir kompos gebruik nie.**
- **Moet nie gras wat behandel is met SENDERO® 336 SL gedurende die voorafgaande 18 maande vir saadproduksie gebruik nie.**
- **Verhoed Skade aan Nie-Teiken Plante:** Voorkom dat spuitnewel wegdryf of in kontak kom met enige breëblaargewasse of ander gewensde breëblaar plante, insluitend, maar nie beperk tot lusern (alfalfa), katoen, droë bone, blomme, druiwe, blaarslaai, aartappels, radyse, sojabone, suiker beet, sonneblomme, tabak, tamaties of ander breëblaar of groente oes, vrugtebome, ornamentele plante, of grond waar sensitiewe oeste verbou of gekweek gaan word. Verhoed toediening onder omstandighede wat spuitnewel mag veroorsaak want baie klein hoeveelhede spuitnewel mag ernstige skade aan vatbare plante veroorsaak.
- **SENDERO® 336 SL is hoogs aktief teen sekere breëblaar plant spesies.** Moet nie die produk gebruik op areas waar verlies van breëblaar plante, insluitend peulgewasse, nie geduld kan word nie.
- **Spilpunt toediening:** Moet nie die produk deur enige tipe besproeiing sisteem toedien nie.
- **Moet nie water wat vir besproeiing of huishoudelik gebruik bedoel is, besoedel nie.** Moet nie die binnekant of onderkant van besproeiingslote, of hul droog is of water bevat, of ander kanale wat water dra wat vir besproeiing of huishoudelike doeleindes gebruik word behandel nie.
- Moet nie die produk toedien op grasperke, speelvelde, ornamentele plante, stedelike loop paadjies, opritte, tennis banne, golf banne, atletiek velde, kommersiële sooi bedrywighede, of ander hoë onderhoud, fyn baangras areas, of sortgelyke areas nie.
- Bome aangrensend tot, of in toedieningsareas kan soms deur wortel opname van **SENDERO® 336 SL** beïnvloed word. Moet nie **SENDERO® 336 SL** binne die wortel sone van gewenste bome, tensy skade aan daardie bome geduld kan word, toedien nie.
- Wanneer in Bosbou gebruik word, moet **SENDERO® 336 SL** nie binne of naby kompartemente of op oop areas wat op 'n later stadium vir boomvestiging beplan word, toegedien word nie.
- Toedienings gedurende tydperke van hoë reënval op gronde wat versadig is met water, oppervlakte bedek is met teer of konkreet, of gronde waar reënval nie genoegsaam penetreer nie, mag afloop en beweging van **SENDERO® 336 SL** tot gevolg hê. Besering tot gewasse mag volg as behandelde grond en/of afloop water wat **SENDERO® 336 SL** bevat, gespoel, of verskuif word na lande wat gebruik word vir gewas verbouing.
- Blootstelling aan **SENDERO® 336 SL** mag vatbare gewasse of ander plante soos druiwe, sojabone, tabak en sensitiewe sierplante beseer of dood maak.
- **Weiding en hooi beperkings:** Die sny van hooi te vroeg na bespuiting van onkruid sal beheer van onkruid verminder. Wag 14 dae na onkruidodder toediening om gras hooi te sny om die onkruidodder genoegsame tyd te gee om te werk. Moet nie vee verskuif van areas wat met **SENDERO® 336 SL** behandel is na areas waar sensitiewe breëblaar gewasse teenwoordig is voordat daar 3 dae van weiding op onbehandelde areas gewei is nie. Anders kan urine en mis genoegsame aminopiralië bevat om skade aan sensitive breëblaar plante aan te rug.
- **WEI VAN TOKSIESE PLANTE:** Onkruidodder behandeling mag die smaaklikheid van sekere toksiese plante verhoog. Moet nie behandelde areas laat bewei voordat toksiese plante droog is en dus nie meer smaaklik vir diere is nie.

Beperkings op hooi en mis gebruik:

- Moet nie behandelde plant reste, insluitend gras, houtagtige plante, bome, hooi of strooi van areas wat behandel is met **SENDERO® 336 SL** in kompos, deklaag, houtskaafsels, of sampioen groeimedium gebruik nie.
- Moet nie mis van diere wat behandelde voer of hooi binne die voorafgaande 3 dae, in kompos, deklaag of sampioen groeimedium gebruik nie. Vee moet ten minstens 3 dae van nie behandelde materiaal gevoer word in order om hulle sisteme skoon te kry van onkruidodder. Moet nie behandelde plante in areas gebruik waar kommersiële sampioene en vatbare breëblaar plante gekweek gaan word nie.
- Moet nie mis versprei van diere wat behandelde voer of hooi die voorafgaande 3 dae geëet het op grond wat bewerk gaan word om vatbare breëblaar gewasse te verbou nie.
- Mis van diere wat voer of hooi verteer het wat binne die voorafgaande 3 dae behandel is, mag net op gebiede gebruik word vir weiding en gras wat gekweek word vir saad.
- Moet nie 'n breëblaar plante oes (insluitend sojabone, sonneblomme, tabak, groente, droëbone, grondboontjies en aartappels) in lande, of gebiede wat behandel is met aminopyralied, of mis van diere wat op voer of hooi gewei het wat van aminopyralied behandelde areas afkomstig is, bevestig nie.
- Moet nie breëblaar plante in lande of gebiede wat met mis van diere wat behandelde voer of hooi verteer het bemes is, vestig nie.
- Om onkruidodder ontbinding te bevorder word dit aanbeveel dat plant reste eweredig in die grond oppervlakte versprei word, of gebrand word. Afbreek van aminopyralied in plantreste en mis is vinniger onder warm, vogtige grond kondisies en mag verbeter word met aanvullende besproeiing.

Wisselbou:

- Moet nie wissel na enige gewas van weiveld, permanente weiding of bewaringsarea binne een jaar van behandeling. Graan en mieles kan geplant word een jaar na behandeling. Meeste breëblaar gewasse is sensitief vir aminopyralied reste in die grond en die gebruik van 'n veld bioassay sal die BESTE manier wees om te bepaal of die grond veilig is om sensitiewe gewasse op te verbou. Breëblaar gewasse soos kanola, vlas en alfalfa kan 2 tot 3 jaar vereis afhangende van die gewas en omgewingstoestand om op 'n behandelde area/land te kan groei. Meer sensitiewe gewasse soos sojabone, tabak, grondboontjies, aartappels en ertjies mag 'n langer terug plant tydperk benodig voordat 'n veld bioassay wys dat die vlak aminopyralied teenwoordig in die grond nie nadelig vir die breëblaar gewas gaan wees nie.
- **Moet nie grond wat behandel is** na ander gebiede wat nie vir die gebruik van **SENDERO® 336 SL** en, as van toepassing, **GARLON® MAX 270 EW** (L8511) geregistreer is nie verskuif.
- **Moet nie met 'n newelspuit (misblaser) toedien nie.**

Dien die produk streng in ooreenstemming met die toediening aanwysings.

Weerstand bestuursriglyne:

- Ontwikkeling van plantbevolkings wat weerstandbiedend is teen onkruidodders se metode van werking is gewoonlik nie 'n probleem in weiveld, permanente gras weidings, bewarings areas, of nie-gewas areas nie, want die areas ontvang seldsaam onkruidodder toediening.
- In lande waar gewasse verbou word, gebruik 'n effektiewe geïntegreerde plaagbestuur (GPB) program, integreer grondbewerking of ander meganiese metodes, gewas wisselboustelsels en ander beheer programme waar praktiese moontlik.

- Soortgelyke biotipes van 'n gegewe onkruidspesie teenwoordig in 'n behandelde area, mag wissel in hulle vatbaarheid tot 'n onkruidodder. Toediening van 'n onkruidodder laer as wat die etiket aandui mag toelaat dat meer weerstandbiedende onkruid oorleef en 'n skuif na meer weerstandbiedende biotipes binne die behandelde gebied tot gevolg hê.
- Die verspreiding van weerstandbiedende onkruid na ander lande mag verhoed word met die skoonmaak van oes en bewerkingstoerusting voor die beweging van die toerusting na ander areas en deur die plant van onkruidvrye saad.
- Kontak jou uitbreiding spesialis, gesertifiseerde gewas konsultant, of Corteva Agriscience™ verteenwoordiger vir die nuutste weerstand bestuur inligting.

VERENIGBAARHEID:

SENDERO® 336 SL is verenigbaar met **GARLON® MAX 270 EW** (L8511) en **H&R Crop Oil** (L6802) as 'n tenkmengsel.

Wanneer vermenging van **SENDERO® 336 SL** in kombinasie met **GARLON® MAX 270 EW** (L8511) as 'n tenkmengsel geskied, moet die waarskuwings, voorsorgmaatreëls, gebruiksbepelings en die -aanwysings vir gebruik, van beide landbou middels betrokke, ten volle nagekom word.

Moet nie **SENDERO® 336 SL** met enige ander produk anders as die wat op die etiket aanbeveel, is meng nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS:

Gebruik slegs soos aangedui

Menginstruksies:

Vir lugtoediening – Wanneer **SENDERO® 336 SL & GARLON® MAX 270 EW** (L8511) as 'n tenkmengsel gebruik word. Maak die spuittenk half vol met skoon water en voeg die voorgeskrewe hoeveelheid **SENDERO® 336 SL & GARLON® MAX 270 EW** (L8511) by. Voeg **H&R Crop Oil** (L6802), of 'n soortgelyke emulgeerbare mineraal olie teen 'n dosis van 2 liters per hektaar by. Ten einde, vul die spuittenk tot die gewenste vlak terwyl mengsel konstant geroer word.

Vir lugtoediening – Wanneer **SENDERO® 336 SL** alleenlik gebruik word. Maak die spuittenk half vol met skoon water en voeg die voorgeskrewe hoeveelheid **SENDERO® 336 SL** by. Voeg **H&R Crop Oil** (L6802), of 'n soortgelyke emulgeerbare mineraal olie teen 'n dosis van 2 liters per hektaar by. Ten einde, vul die spuittenk tot die gewenste vlak terwyl mengsel konstant geroer word.

Vir blaartoediening – Maak die spuittenk half vol met skoon water en voeg die vereiste hoeveelheid **SENDERO® 336 SL** by. Voeg **H&R Crop Oil** (L6802), of 'n soortgelyke emulgeerbare mineraal olie teen 'n dosis van 0.5% finale spuit mengsel by. Ten einde, vul die spuittenk tot die gewenste vlak terwyl mengsel konstant geroer word.

Tydsberekening of seisoen van toediening – Algemeen:

Onkruidodder effektiwiteit word sterk beïnvloed deur blaar kondisie, stadium van groei en omgewingstoestande. Vir optimum beheer behandel wanneer nuwe groeiblaar van lig tot donker groen van kleur verander het en wanneer grond vog voldoende vir plant ontwikkeling is. Produk effektiwiteit mag nadelig beïnvloed word as toediening voor die bogenoemde blaar stadium geskied of wanneer blaar deur laat ryp, insekte, diere, hael of plantsiektes beseer of verwyder is.

Moet nie teikenplante behandel wanneer tekens van droogte of stremming, soos blaar chlorioses of blaarval geskied nie. Na 'n droogte kan sommige plant spesies onder stremming verkeer en het hulle 'n herstelperiode nodig na reën bui. Tekens van stremming mag dalk nie duidelik wees gedurende die herstelproses nie. Plante moet 'n tydperk gegee word om te kan herstel na die eerste reën bui na 'n droogte voor die toediening van onkruidoder.

As plante gedurende stres tydperke behandel word, moet voorsiening gemaak word vir opvolgbehandelings.

Bevredigende beheer sal NIE verkry word as behandeling vroeg in lente plaasvind, wanneer meeste van die nuwe groei uit onvolwasse blare bestaan NIE. Moet ook nie plante behandel wat nuwe (ligte groen) groei toon in reaksie op onlangse swaar reën buie wat gedurende die groei seisoen val nie.

Addisionele behandeling riglyne - *Prosopis* spp.

Die onkruidoder se effektiwiteit wanneer *Prosopis* spp. behandel word, word sterk beïnvloed deur blaar kondisie, stadium van groei en omgewingstoestande.

Vir optimale resultate, behandel *Prosopis* spp. wanneer:

- Die nuwe seisoen se blare van ligte tot donker groen verkleur het, dit sal omtrent 40-45 dae na knop breek wees.
- Die grond temperatuur bo 24°C is tot op 'n diepte van 30 - 46 cm, en grond vog voldoende vir plantontwikkeling is.

Die tempo waarteen die grond temperatuur toeneem op 'n diepte van 30 cm, kan varieer a.g.v. grondtekstuur en dreinerings. Grond met 'n growwe tekstuur (sanderige grond) se temperatuur sal vinniger toeneem as grond met 'n fyner tekstuur (klei grond). Droë grond se temperatuur neem ook vinniger toe as nat grond.

Dien toe voor peul verlenging, of na peul verlenging plaasgevind het.

Moet nie bome in die Herfs behandel, wanneer die waslaag op die blare verdik het nie.

Soos met ander plante wat gevind word in dorre omgewings, reageer *Prosopis* spp. vinnig op beskikbare grondvog van reën wat laat in die seisoen geval het (Februarie – Maart). Dus, in sekere vroeë seisoen droogte jare met laat somerreëns is daar 'n geleentheid vir behandeling. Dit geskied wanneer middel tot laat somer reëns voldoende grondvog voorsien, wat die plant toelaat om te herstel na die droogte en gesonde, robuuste blare te groei. Na 'n swaar reën sal *Prosopis* spp. nuwe, ligte groen blare groei wat later (2 tot 3 weke) sal verkleur na 'n donker groen kleur. Die kleur dui volwasse blare aan, wat ideaal is vir behandeling.

Tekens van *Prosopis* spp. blare wat geskik is vir behandeling sluit in 'n eenvormige donker groen kleur en blaar groei wat naby normaal is. Blare moet nie deur droogte stremming, insekte of beweiding deur diere, of weer verwante oorsake (veral hael skade) beskadig wees nie.

Blare se gesondheid moet geevalueer word ten minste 1 week voor behandeling kan geskied.

DOSISSE EN METODEDES:

SENDERO® 336 SL kan toegedien word:

- as 'n Lug blaarbespuiting in 'n tenkmengsel tesame met **GARLON® MAX 270 EW** (L8511) en **H&R Crop Oil** (L6802), of 'n soortgelyke emulgeerbare mineraal olie.
- of as 'n Lug blaarbespuiting tesame met **H&R Crop Oil** (L6802), of 'n soortgelyke emulgeerbare mineraal olie.
- of as 'n Blaar-kolbespuiting tesame met **H&R Crop Oil** (L6802), of 'n soortgelyke emulgeerbare mineraal olie.

soos aangedui per individuele spesie aanbevelings (sien tabelle hieronder).

Die beste resultate word verkry wanneer spuitvolume voldoende is om eweredige bedekking van behandelde plante te verseker.

A. LUG BLAARBESPUITING:

Lug blaarbespuiting van **SENDERO® 336 SL** of **SENDERO® 336 SL** en **GARLON® MAX 270 EW** (L8511), kan slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SABS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word.

Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel volume van 40 liter per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppel bedekking: 30 tot 40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 300 tot 450 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum. 'n Betekenisvolle persentasie druppels >500 mikron kan ook lei tot verminderde algehele doeltreffendheid.
- Vlieg hoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg of 85% van die rotor deursnee om te verhoed dat druppels binne-in die rotopuntvorteks beweeg.
- Spuitpunte moet parallel met die lugstroom agteruit gerig word of nie meer as 45 grade afwaarts wys nie.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihirometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/uur oorskry.
- Moet nie spuit wanneer die omringende lug temperatuur bo 25°C is nie.

- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
 - Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - Verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - Skade aan nie-teiken gewasse en/of sensitiewe gewasse as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
 - Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter area bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat daar aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang, insluitend GPS logboek, in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.
- Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat behandel moet word, in kennis en reik die nodige waarskuwings uit.

DIE WINDSPOED EN WINDRIGTING TYDENS TOEDIENING SAL DIE AFSTAND TUSSEN DIE NAASTE RAND VAN DIE GEBIED WAT BESPUIT MOET WORD EN DIE GEVOELIGE PLANTE EN GEWASSE BEPAAL.

WIND SPOED km/h	GRONDTOEDIENING	LUGTOEDIENING
2-15	2.0 km windaf 2.0 km dwarswind 1.0 km windop	5.0 km windaf 5.0 km dwarswind 2.0 km windop
Meer as 15	Verbode	Verbode

TOEDIENINGSHOEVEELHEID:

LUG BLAARBESPUITING		
PLANT	DOSIS L/ha	OPMERKINGS
<i>Prosopis</i> spp. (Suidwes Doring)	2.0 L SENDERO® 336 SL + 2.0 L GARLON® MAX 270 EW + 2.0 L H&R Crop Oil* (Of soortgelyke emulgeerbare mineral olie)	SENDERO® 336 SL is verenigbaar met GARLON® MAX 270 EW (L8511) as 'n tenkmengsel wat geskik is vir lugbespuiting van monospesie <i>Prosopis</i> spp., verdigting waar min behoud van gewenste boomspecies benodig is. Perifere infestasies wat nie tydens lugbespuiting behandel word nie, kan beheer word met behulp van 'n geregistreerde blaarkolbespuiting van SENDERO® 336 SL of met 'n stompbehandeling van Garlon® 480 EC en Diesel of Confront® 360 SL. Opvolgbehandelings met 'n geregistreerde blaarkolbespuiting van SENDERO® 336 SL of met 'n stompbehandeling van Garlon® 480 EC en diesel of Confront® 360 SL, mag vereis word, maar moet nie geskied binne die eerste jaar na die aanvanklike toediening plaasgevind het nie. Verseker alle etiketaanwysings vir <i>Prosopis</i> spp., Lugbespuiting word noukeurig gevolg soos op die etiket hierbo angedui. In geval van enige onsekerheid, kontak asseblief u plaaslike Corteva Agriscience™ verteenwoordiger.
<i>Prosopis</i> spp. (Suidwes doring)	4.0 L SENDERO® 336 SL + 2.0 L H&R Crop Oil* (Of soortgelyke emulgeerbare mineral olie)	SENDERO® 336 SL is geskik vir lugbespuiting van <i>Prosopis</i> spp., verdigte areas waar 'n breër bewaring van gewenste boomspecies benodig word. Perifere infestasies wat nie tydens lugbespuiting behandel word nie, kan beheer word met behulp van 'n geregistreerde blaarkolbespuiting van SENDERO® 336 SL of met 'n stompbehandeling van Garlon® 480 EC en Diesel of Confront® 360 SL. Opvolgbehandelings met 'n geregistreerde blaarkolbespuiting van SENDERO® 336 SL of met 'n stompbehandeling van Garlon® 480 EC en diesel of Confront® 360 SL, mag vereis word, maar moet nie geskied binne die eerste jaar na die aanvanklike toediening plaasgevind het nie. Verseker alle etiketaanwysings vir <i>Prosopis</i> spp., Lugblaarbespuiting word noukeurig gevolg soos op die etiket hierbo angedui. In geval van enige twyfel, kontak asseblief u plaaslike Corteva Agriscience™ verteenwoordiger.

PLANT	DOSIS L/ha	OPMERKINGS
<i>Senegalia mellifera</i> (<i>Acacia mellifera</i>) (Swaarthaak)	2.0 L SENDERO® 336 SL + 2.0 L GARLON® MAX 270 EW + 2.0 L H&R Crop Oil* (Of soortgelyke emulgeerbare mineral olie)	SENDERO® 336 SL is verenigbaar met GARLON® MAX 270 EW (L8511) as 'n tenkmengsel wat geskik is vir die lugbespuiting van 'n monospesie <i>Senegalia mellifera</i> stand waar min behoud van gewensde boomspecies benodig is. Perifere infestasies wat nie tydens lugbespuiting behandel word nie, kan beheer word met behulp van 'n geregistreerde blaar-kolbespuiting van Sendero® 336 SL, Mezavue® 250 EW of Pastar® 300 EW of met 'n stompbehandeling van Tordon® 22K. Opvolgbehandelings met 'n geregistreerde blaarkolbespuiting van Sendero® 336 SL, Mezavue® 250 EW of Pastar® 300 EW of met 'n stompbehandeling van Tordon® 22K, mag vereis word, maar moet nie geskied binne die eerste jaar na die aanvanklike toediening plaasgevind het nie. Verseker alle etiketaanwysings vir <i>Vachellia mellifera</i> Lugbespuiting word noukeurig gevolg soos op die etiket hierbo angedui. In geval van enige onsekerheid, kontak asseblief u plaaslike Corteva Agriscience™ verteenwoordiger.

PLANT	DOSIS L/ha	OPMERKINGS
<i>Senegalia mellifera</i> (<i>Acacia mellifera</i>) (Swaarthaak)	2.0 - 4.0 L SENDERO® 336 SL + 2.0 L H&R Crop Oil* (Of soortgelyke emulgeerbare mineral olie)	SENDERO® 336 SL is geskik vir <i>Vachellia mellifera</i> infestasië lugbespuiting waar 'n breër bewaring van wenslike boomspesies benodig word Die laer dosis word aanbeveel vir areas waar 'n breër bewaring van gewensde boomspesies benodig word. Die hoër dosis word aanbeveel vir areas waar 'n breër bewaring van gewensde boomspesies nie benodig word nie. Perifere infestasies wat nie tydens lugbespuiting behandel word nie, kan beheer word met behulp van 'n geregistreerde blaarkolbespuiting van Sendero® 336 SL, Mezavue® 250 EW of Pastar® 300 EW) of met 'n stompbehandeling van Tordon® 22K. Opvolgbehandelings met 'n geregistreerde blaarkolbespuiting van Sendero® 336 SL, Mezavue® 250 EW of Pastar® 300 EW of met 'n stompbehandeling van Tordon® 22K, mag vereis word, maar moet nie geskied binne die eerste jaar na die aanvanklike toediening plaasgevind het nie. Verseker alle etiketaanwysings vir <i>Vachellia mellifera</i> Lugbespuiting word noukeurig gevolg soos op die etiket hierbo angedui In geval van enige onsekerheid, kontak asseblief u plaaslike Corteva Agriscience™ verteenwoordiger.

PLANT	DOSIS L/ha	OPMERKINGS
<i>Dichrostachys cinerea</i> (Sekelbos)	2.0 - 3.0 L SENDERO® 336 SL + 2.0 L H&R Crop Oil* (Of soortgelyke emulgeerbare mineral olie)	SENDERO® 336 SL is geskik vir die lugbespuiting van <i>Dichrostachys cinerea</i> verdigte areas. Die laer dosis word aanbeveel vir areas waar 'n breër bewaring van gewensde boomspesies en 'n laer vlak teiken spesie beheer benodig word. Die hoër dosis word aanbeveel vir areas waar min bewaring van gewensde boomspesies en 'n hoër vlak teiken spesie beheer benodig word. Perifere infestasies wat nie tydens lugbespuiting behandel word nie, kan beheer word met behulp van 'n geregistreerde blaarkolbespuiting van Sendero® 336 SL, Mezavue® 250 EW of Pastar® 300 EW of met 'n stompbehandeling van Tordon® 22K. Opvolgbehandelings met 'n geregistreerde blaarkolbespuiting van Sendero® 336 SL, Mezavue® 250 EW of Pastar® 300 EW of met 'n stompbehandeling van Tordon® 22K, mag vereis word, maar moet nie geskied binne die eerste jaar na die aanvanklike toediening plaasgevind het nie. Verseker alle etiketaanwysings vir <i>Dichrostachys cinerea</i> Lugbespuiting word noukeurig gevolg soos op die etiket hierbo angedui. In geval van enige onsekerheid, kontak asseblief u plaaslike Corteva Agriscience™ verteenwoordiger.

PLANT	DOSIS L/ha	OPMERKINGS
<i>Vachellia karroo</i> (<i>Acacia karroo</i>) (Soetdoring)	2.0 - 3.0 L SENDERO® 336 SL + 2.0 L H&R Crop Oil* (Of soortgelyke emulgeerbare mineral olie)	SENDERO® 336 SL is geskik vir <i>Vachellia karroo</i> infestasië lugbespuiting. Die laer dosis word aanbeveel vir verdigte areas met 'n gemiddelde boom hoogte van < 2.0 m en waar 'n breër bewaring van gewenste boomspesies benodig word. Die hoër dosis word aanbeveel vir verdigte areas met 'n gemiddelde boom hoogte van > 2.0 m en waar min bewaring van gewenste boomsoorte benodig word. Perifere infestasië wat nie tydens lugbespuiting behandel word nie, kan beheer word met behulp van 'n geregistreerde blaarkolbespuiting van Sendero® 336 SL, Mezavue® 250 EW of Pastar® 300 EW) of met 'n stompbehandeling van Tordon® 22K. Opvolgbehandelings met 'n geregistreerde blaarkolbespuiting van Sendero® 336 SL, Mezavue® 250 EW of Pastar® 300 EW of met 'n stompbehandeling van Tordon® 22K, mag vereis word, maar moet nie geskied binne die eerste jaar na die aanvanklike toediening plaasgevind het nie. Verseker alle etiketaanwysings vir <i>Vachellia karroo</i> lugbespuiting word noukeurig gevolg soos op die etiket hierbo aangedui. In geval van enige onsekerheid, kontak asseblief u plaaslike Corteva Agriscience™ verteenwoordiger.

* Die handelsmerk **H & R Crop Oil®** is die eiendom van **H & R South Africa Sales (Edms) Bpk.**

B. BLAAR-KOLBESPUITING (INDIVIDUELE PLANT BEHANDELING):

Dien slegs toe op aktiefgroeïende plante moet volle blaardekking.

- Dien slegs toe wanneer die plante die korrekte groeistadium bereik het, soos aangedui hieronder.
- Moet nie toedien op blare wat nat is as gevolg van reën of dou nie.
- Besproeiing of reënval kort na toediening kan die resultate negatief beïnvloed
- Moet nie toedien na laat ryp plaasgevind het nie.
- Vermoë spuitnewel op gewenste, nie-teiken plante.
- Gebruik 'n rugsakspuit met 'n soliede kegel spuitkop (bv. Spraying Systems TG-1, Delavan CE 1 of gelykstaande) wat 'n eweredige dekking van die teikenarea sal verseker. Handhaaf 'n konstante druk van 100-250 kPa.

TOEDIENINGSHOEVEELHEID:

BLAAR-KOLBESPUITING		
PLANT	DOSIS/100L WATER	OPMERKINGS
<i>Prosopis spp.</i> (Suidwes doring)	800 ml (0.8 % v/v mengsel)	Voeg H & R Crop Oil® (L6802), of soortgelyke emulgeerbare minerale olie, teen 'n dosis van 0,5% finale spuitmengsel volume by. Dien toe op jong, aktief-groeiende bome tot en met 2 meter in hoogte. Verseker genoegsame bedekking van alle blaarmateriaal. Opvolgbehandelings met 'n geregistreerde blaar-kolbespuiting van SENDERO® 336 SL of met 'n stompbehandeling van Garlon® 480 EC en Diesel of Confront® 360 SL , mag vereis word, maar moet nie geskied binne die eerste jaar na die aanvanklike behandeling plaasgevind het nie
<i>Senegalia mellifera</i> (<i>Acacia mellifera</i>) (Swaarthaak)	600 ml (0.6 % v/v mengsel)	Voeg H & R Crop Oil® (L6802), of soortgelyke emulgeerbare minerale olie, teen 'n dosis van 0,5% finale spuitmengsel volume by. Dien toe op jong, aktief-groeiende bome tot en met 2 meter in hoogte. Verseker genoegsame bedekking van alle blaarmateriaal.
<i>Dichrostachys cinerea</i> (Sekelbos)	600 ml (0.6 % v/v mengsel)	
<i>Vachellia karroo</i> (<i>Acacia karroo</i>) (Soetdoring)	600 ml (0.6 % v/v mengsel)	
<i>Acacia mearnsii</i> (Swart Wattle)	600 ml (0.6 % v/v mengsel)	

* Die handelsmerk **H & R Crop Oil®** is die eiendom van **H & R South Africa Sales (Edms) Bpk.**

SENDERO® 336 SL en **GARLON® MAX 270 EW** (L8511) beheer houtagtige plant spesies. Enige ander bome of struik wat teenwoordig was tydens die ontwikkelingsproewe van die produk, mag ook in 'n sekere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar geen verantwoordelikheid vir ongelyke bome en struik.

GRONDVERSTEURING:

Die behandelde area moet onversteurd gelaat word vir ten minste een (1) jaar na toediening. Verlaagte effektiwiteit kan verwag word indien enige versteuring plaasvind tydens hierdie periode.

SKOONMAAK VAN SPUITTOERUSTING:

Om daaropvolgende skade te vermy, op nie-teiken plante, moet alle residue van **SENDERO® 336 SL**, en waar van toepassing **GARLON® MAX 270 EW** (L8511), direk na toediening, deeglik vanuit die meng- en spuittoerusting verwyder word.

Gaan te werk soos volg:

- a) Dreineer die spuitsisteem onmiddellik na bespuiting.
- b) Spoel die binne oppervlak van die tenk met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.
- c) Maak die tenk half vol met skoon water en voeg die korrekte hoeveelheid skoonmaakmiddel by. Vir elke 100 liter van die finale tenk volume, voeg 350 ml huishoudelike ammoniak (9.5 % ammoniak), in die water. (bv. in die geval van 'n 1000 liter spuitenk, vul dit met 500 liter water en voeg 3,5 liter (=10 x 0,35 L) huishoudelike ammoniak by). Die oorspronklike mengsel wat nou dubbele sterkte is, moet deeglik geroer word en deur die pype en spuitpunte vir ongeveer 1 minuut gespuit word. Voeg dan water by die oorblywende mengsel tot die tenk vol is. Laat hierdie mengsel vir 15 minute in die tenk staan terwyl dit geroer word. Na hierdie 15 minuut periode, spuit weer deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.
- d) Verwyder spuitpunte en siwwe en plaas in 'n emmer wat 40 ml huishoudelike ammoniak per 10 liter water bevat.
- e) Spoel die tenk weer deeglik uit met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte.
- f) Spuit alle spoelwater veilig weg. Moet nie op sensitiewe gewasse, of op lande bedoel vir die plant van sensitiewe gewasse, spuit nie.
- g) Was enige kontaminasie van die buitekant van die tenk af met skoon water.

BERGING EN Vernietiging:

Bergingstoestand

- Berg weg van sonlig en vogtigheid, in oorspronklike houers wat dig toegemaak is, in 'n koel, droë, goed geventileerde gebied, weg van kos en voer agter slot en grendel.

Houer beskikking

- Leë plastiese plaagdoderhouers moet drie keer na mekaar met een kwart van die houervolume skoon water uitgespoel word (dit is drie keer spoel) en spoelwater moet in die spuitenk oorgegooi word.
- Houers wat drie keer gespoel is moet uitgedroog word en verkieslik in kwarte gesny word om vervoervolumes te beperk.
- Produsente moet die dienste van verkose verwerkers op die AVCASA lys vir die wegdoen van sulke houers, gebruik. Dit is die verantwoordelikheid van die produsent om die verwerker van sy keuse vir die wegdoen van leë houers te kontak.
- Drie keer gespoelde, uitgedroogte houers word nie as gevaarlike afval beskou nie en mag dus met gewone voertuie vervoer word.
- Houers wat enige plaagdoderresidue bevat, mag nie met gewone voertuie vervoer word of verwerk word nie. Hulle word as gevaarhoudende afval beskou.

- Drie keer gespoelde, leë houers mag nie vir langer as drie maande op enige gegewe plek geberg word nie, tensy sodanige perseël as 'n gevaarhoudende afvalversamel- en bergplek geregistreer is. Boere word dus geadviseer om leë houers ten minste een keer elke drie maande weg te doen.

LEË PLAAGDODERHOERS MAG NIE WEG GEGEE OF VERKOOP WORD AS HOERS VIR ENIGE ANDER KOMMODITEITE NIE. DIT MAG NIE OP DIE PLAAS VERBRAND OF BEGRAWE WORD NIE. DIT MAG SLEGS DEUR BETROUBARE VERWERKERS VERWERK WORD.

Riglyne vir die wegdoen van verouderde, uitgediende, oortollige, ongewenste plaagdoders.

- Verseker dat sulke plaagdoders in houers met hul oorspronklike etikette is. Indien etikette beskadig is, sprei oor dit met deursigtige vernis om die etikette vir toekomstige doeleindes te bewaar. Sodra dit droog is, plak 'n poliëtileen plastiekfilm oor die etiket om verdere verval te beperk.
- Indien houers beskadig is en/of lek, moet sulke houers in oordromme (verkieslik plastiek), met hul etikette soos in paragraaf 1 hierbo beskryf, geplaas word). Seël dan die deksels van die oordromme.
- Merk al sulke plaagdoders met 'n rooi kruis en die woorde TOXIC/GIFTIG met rooi verf.
- Plaas die gemerkte houers op palette in 'n afgesonderde plek in 'n stoor wat gesluit kan word. Gebruik 'n plek in die stoor waar 'n betonvloer is. Bedek vooraf met dik plastiek.
- Stel 'n inventaris van die plaagdoders saam met handelsname, aktiewe bestanddele, formulاسie, hoeveelheid (massa of volume), tipe houer en toestand van houer. Verkry SDS's van alle produkte via die vervaardigers se webtuistes.
- Skakel EnviroServ by 0800 147 112, of A-Thermal by 011 316 1800 of Rapid Spill Response by 0861 113 467 en versoek 'n kwotasie vir die vernietiging van die plaagdoders. Hulle sal verdere instruksies aangaande hul vereistes gee.
- Maak seker dat die plaagdoders nie toeganklik vir ongemagtigde individue is nie.

VEROUDERDE, UITGEDIENDE, OORTOLLIGE EN ONGEWENSTE PLAAGDODERS MAG NIE OP DIE PLAAS VERBRAND OF BEGRAWE WORD NIE. DIT MAG SLEGS DEUR GELISENSIEËRDE, GEVAARHOUDENDE AFVALBESTUURSMAATSKAPPE VERNIETIG WORD.

Plaaslike noodnommer: +27(0)82-895-0621 (slegs SA)
24 Uur noodnommer: Tel No: +32-3-575-5555
Inligtingsnoodnommer: Tel No: +27(0)12) 683-5700

® Handelsmerke van Corteva Agriscience™ en sy geaffilieerde maatskappye.
 Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.